


# Musiek vir Kerstyd

Daar is ʼn ryk skat van Kersmusiek wat deur die eeue en oor die wêreld heen tot stand gekom het. Ons het vir **Anton Pienaar** gevra wat sy gunstelinge is. Anton sê hy is gelukkig om ʼn klompie Kersfeesmusiek op CD's te hê wat hom net plesier gee. Hy is jammer dat Kerstyd so gou verbygaan.

Die lysie is nie nie in volgorde van mooi na minder mooi nie, maar, sê Anton, mooi kom altyd bo uit!

1. **Suid-Afrikaanse Kersliedere**. Die keuse van musiek op die CD wat deur JNS uitgegee is, is hoofsaaklik deur Joubero Malherbe gemaak. Indien jy die musiek in die hande kan kry, dit is ʼn juweel.

2. **Navidad Nuestra**. Die Argentynse komponis van volksmusiek, Ariel Ramirez, het hierdie pragtige musiek oor die geboorte van Christus gekomponeer. Die legendariese Mercedes Sosa se vertolking daarvan is weergaloos. Ek kan oor en oor daarna luister.

3. **Christmas with Mimi Coertse**. Al die snitte op die album is vol emosie en moet aktief geluister word.

4. **Our Christmas Songs** van Montserrat Caballé en Montserrat Marti. Op die wonderlike CD is dit veral die snit *Still, Still, Still* wat diep in die nag jou hart oor en oor resoneer.

5. **The Three Tenors Christmas.** Die weergawe van *O Holy Night* deur Domingo en Pavarotti op die gewilde CD is seker een van die mooiste Kersfeesliedere ooit.

6. **This is Christmas.** Katherine Jenkins se soet en suiwer stem maak van *O Come O come Emmanuel* waarskynlik die lied waarna jy eerste moet luister!

7. **Christmas with the Mormon Tabernacle Choir.** Die wêreldbekende koor van Salt Lake City se opname van Kersfeesmusiek is van hoë gehalte. Ken jy die *Carol of the Birds*? Jy sal dit op die CD vind!

8. **Quiet Time, your turn to unwind** is 'n CD met 'n keuse van Kersfeesmusiek wat ten doel het om die luisteraar te laat ontspan. En dit doen!

9. **Stellastraat Kerssangdiens 2007.** Die opname is gemaak met Dennis Roodt as koorleier en Hannes Ebersohn as orrelis en begeleier. Nostalgies mooi vir elke Stellastrater!

10. **Gloria in Excelsis Deo.** Die opname van gewilde Kersfeesmusiek is deur die Pretoriase Universiteitskoor onder leiding van Petru Gräbe gemaak.